1 Oktober 2 Korintiërs 5:17-21; NGB 21; (Teks: 5:20)

Ware geloof is om te aanvaar dat jy deur Christus met God versoen is

Jy hoef nie bang te wees vir God nie.

Jy hoef ook nie witvoetjie by Hom te soek of te probeer om in sy goeie boekies te kom nie. Jy hoef ook nie te probeer om sy goedgesindheid te kry of te behou met 'n omkoopgeskenk nie. Jy hoef ook nie te vrees dat die terugslag wat jy beleef het of die teëspoed wat kan kom 'n teken is dat Hy sy rug op jou gedraai het of jou verwerp het nie. Nee, jy kan ontspan want jy is mos 'n gelowige kind van God. Jy is met God versoen. Iemand het namens jou vrede bewerk tussen jou en God. Dit was die Here Jesus Christus. Niks of niemand sal daardie vrede tussen jou en God kan versteur nie, behalwe jyself as jy vyandiggesind teenoor God word en verhardend sondig.

Maar onthou, daar is vergifnis deur Christus by God te vind. Geen sonde is te groot of te erg dat Christus se bloed nie daarvoor kon betaal nie.

Aanvaar dit. God het 'n vriendelike aangesig teenoor jou (Psalm 97:7 berymd).

Aanvaar dit dat God jou liefhet. Omhels Hom in die geloof. Jubel dit uit saam met Psalm 71:14 (Berymd):

> "Ek sing 'n lofsang by my snare,
> 'n lied van troos en trou
> waarin 'k u lof ontvou,
> o Heilige by Isr'els skare!
> Ek roep, tot vreug herbore:
> "Verlos, en nie verlore!"

Sing: Skrifberyming 10:3,6 Ds. CJ.C. Roets (Witpoortjie)